NG Kerk Montana
• Veronicaweg 300, Montana, Pretoria. 0182
• Tel: 012 534 3377 • E-pos: admin@ngmontana.co.za

April 2026

Liewe Gemeentelid

Ons groet u in die Naam van die Drie-Enige God, ons Vader, Jesus Christus sy Seun, ons Verlosser, en die Heilige Gees, ons Vertrooster en inspirasie, wat ons seën met Sy liefde en genade!

In ons gemeente het ons drie groot fondsinsamelings per jaar. Ons Pannekoekfees in Mei, ons Broodfees in Augustus en natuurlik die 10de Dankoffer. Die 10de Dankoffer word elke jaar aan die einde van Mei geloods. Weens omstandighede is ons genoodsaak om die insameling teen middel April tot einde Februarie 2027 te loods.

Met Tiende Dankoffer bedoel ons 'n dankoffer waar elke lidmaat probeer om bo en behalwe sy/haar maandelikse bydrae, (eenmalig of soos dit vir u moontlik sou wees) 'n tiende van sy/haar maandelikse inkomste sal afstaan aan ons Here se werksaamhede. U dankoffer is 'n saak van verantwoordelikheid tussen u en die Here.

Die Here het Sy gemeente besonder geseën in die vorige finansiële jaar deurdat die begrote bedrag van R750 000 met R7 117 oorskry is. Daarom neem ons die vrymoedigheid om vir die 2026/2027 finansiële jaar weer vir die bedrag van R750 000 te begroot. Ons pak hierdie finansiële uitdaging saam met u in geloof en vertroue aan.

Hierdie skrywe word aan u elektronies gestuur, op ons webblad geplaas, asook in die aftree-oorde en kerkkantoor in harde kopie aan u beskikbaar gestel.

Sou u verkies om u 10de dankoffer elektronies in die gemeente se bankrekening oor te betaal, gebruik asseblief NG Montana, ABSA, Rekening nommer 5260148771, verwysing: 10de Dankoffer. U kan ook u bydrae in die koeverte plaas en dit dan aan u dienswerker in die aftree-oorde besorg.

Ons wil u verseker dat die NG Montana se Gemeenteraad in biddende afhanklikheid rentmeesters van God se genadegawes wil wees. Bid asseblief saam met ons dat daar genoegsame fondse beskikbaar sal wees om God se saak te dien en dat elkeen sal bydra met vrymoedigheid en volgens elkeen se vermoë.

Ons groet U in die Naam van Jesus Christus en bid u Sy seën toe.

Johan Müller
VOORSITTER: FINANSIËLE BESTUURSGROEP